

Sondag 14 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 4:1-6

Vader, Seun en Heilige Gees is die model van die kerk se eenheid

Nou, ná die beskrywing van die wonder van die eenheid van die kerk en die gebed vir die kerk, leer die Here wat die kerk moet wees en doen. Die gelowiges se lewe moet in ooreenstemming wees met die roeping waarmee God hulle geroep het, met die eenheid met God en mekaar. Hulle moet beskeie en nederig wees, asook vriendelik en sagmoedig teenoor mekaar. Al is daar oor mindere aangeleenthede verskille, moet hulle mekaar ver-dra, want alles berus op liefde: liefde tot God en mekaar beteken dat die een die ander hoër moet beskou. Veral deur die liefde word die eenheid wat daar is, verstewig.

Die eenheid het ontstaan deurdat die Heilige Gees dit geskep het, want die Gees woon in elke gelowige en bind só die een gelowige aan die ander. Hierdie eenheid moet ons handhaaf deur die eenheid wat bestaan deur ons lewenswandel, ons gesindheid en optrede uit te beeld.

Die eenheid van die kerk vloei voort uit die eenheid van die Drie-enige God. Daar is één Gees, één Here en één Vader. Die Gees woon in die kerk en die Gees rig die kerk op wat hy reeds ontvang het en ook op die beloftes van wat die gelowiges nog sal ontvang: één hoop! Christus, die Here, is die Hoof van die kerk en Hy regeer die kerk deur sy Woord en Gees. Die doop verseël die beloftes van die evangelie. Daar is maar één God en Hy is ook Vader, en die gelowiges is deel van sy huisgesin.

Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)